

Vredevors met inbors



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 9:1-5, hfst. 9:6 en 7, hfst. 9:8 tot 10:34, hfst. 11, asook hfst. 12:1-6.

Geheeteks:

“Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors” (*Jesaja 9:5, OAB*).

Dr. Robert Oppenheimer, wat in ’n toesighoudende hoedanigheid by die ontwikkeling van die eerste atoombom betrokke was, het in ’n stadium voor ’n spesiale komitee van die Amerikaanse Kongres verskyn. Die paneel wou o.a. by hom weet of daar enige verweer teen die atoombom was. ‘Maar natuurlik,’ antwoord die groot fisikus. “‘En dit is... wat?’ ‘Dr. Oppenheimer kyk uit oor die gehoor. ’n Mens kon ’n speld hoor val, almal was die ene ore. Toe antwoord hy saggies: ‘Vrede’” (Paul Lee Tan [Samesteller], *Encyclopedia of 7,700 Illustrations: Signs of the Times* [Rockville, Maryland: Assurance Publishers, 1985], bl. 989). Vir die mensdom is vrede soos ’n hersenskim. Dit ontwyk ons knaend. Wanneer ’n mens die verhaal van die mensdom vanaf die vroegste opgetekende bronne tot en met die hede beskou, vorm die tydperke van algehele vrede slegs 8 persent van die totale wêreldgeskiedenis. Tog is niks minder as 8,000 verdrae in daardie gesamentlike vreedetydperk verbreek nie (*ibid*, bl. 987, aangepas). Let ook op die halfeeu ná die Eerste Wêreldoorlog, ná die oorlog wat destyds as ‘die oorlog wat alle oorlogvoering tot ’n einde gaan bring,’ bestempel is. In daardie tydperk het ons ’n volle jaar van oorlogvoering vir elke twee minute van vrede gehad. In 1895 het die uitvinder van dinamiet, Alfred Nobel, ’n trust op die been gebring om pryse toe te ken aan persone wat ’n uitmuntende bydrae tot vrede op aarde gemaak het (*ibid*, bl. 988, aangepas). Die afgelope paar jaar het ons reeds Nobelpryswenner wat al by gewelddadige konflik betrokke was. Vandeesweek bekyk ons die enigste een wat ware en blywende vrede aan die mensdom kan bring.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 30 Januarie.*

Die einde van Galilea se verdriet (*Jes. 9:1-5*)

In Jesaja 9:1 bespeur die leser 'n wending in die verhaal van God se volk. Hoe verskil dit van die voorafgaande gebeure?

Jesaja 8:21 en 22 beskryf die hopelose toestand waarin diegene verkeer wat hulle tot die okkulte i.p.v. die lewende God wend: om hulle heen, “sal [hulle] niks anders sien as benoudheid en donkerte nie, die volslae duisternis en donkerte waarin hulle gedryf is” (*Jes. 8:22, NAB*). Nietemin beleef ander weer 'n ommeswaai: “Die volk wat in duisternis wandel... oor hulle het 'n lig geskyn” (*hfst. 9:1; OAB, aksentteken bygevoeg*). Dit is die Galileërs wat hierdie voorreg te beurt val. Hulle word op 'n spesiale wyse geseën, met “'n groot lig” (*vers 2, NRSV*) wat oor hulle skyn. So sal die volk dan deur die Here se genade vermenigvuldig, hulle sal jubel omdat God “die juk wat op hulle gedruk het” (*vers 4, NRSV*) sal verbreek. Hier word die Galilea-meerdistrik uitgebeeld omdat dit een van die eerste gebiede was wat Israel tydens die Assiriese veldslae verloor het. Dit het natuurlik gebeur omdat Agas by Tiglat-Pileser III om hulp aangeklop het; waarop laasgenoemde toe Galilea en die Transjordaniese gedeeltes van noordelike Israel ingeneem het, party van die mense in ballingskap weggevoer het, en al die verowerde streke in Assiriese provinsies verander het (*2 Konings 15:29*). Jesaja se boodskap in 'n neutedop is dus: dié wat eerste verower is, sal eerste bevry word.

Vir wie gebruik die Here om sy volk te bevry? Jes. 9:6, 7.

Wanneer en hoe is die profesie in Jesaja 9:1-5 vervul? Matt. 4:12-25.

Dit is geensins blote toeval dat Jesus aan die begin van sy sending die Galileërs bedien het nie. Aan hulle het Hy 'n boodskap van hoop gebring, die blye boodskap dat die koninkryk van God na die mensdom gekom het. Jesus het ook die siek mense van daardie landstreek genees, o.a. deur duiwels te dryf uit iemand wat deur sy betrokkenheid by die okkulte besete geraak het (*Matt. 4:24*). Hier het ons 'n besonder netjiese voorbeeld van hoe die Bybel gebeure uit die Ou-Testamentiese tye neem en as voorloper gebruik vir gebeure wat later in die Nuwe Testament sou ontvou. Die Here neem beelde uit twee tydvakke en meng dit. Matteus 24 is 'n sprekende voorbeeld van so 'n naasmekaarstelling, waar Jesus die verwoesting van Jerusalem in 70 v.C. en die verwoesting wat aan die voleinding van die wêreld sal gebeur, saamvoeg.

Gestel iemand vra jou die volgende: “Uit wat het Jesus jou gered?” Wat sal jou antwoord wees?

'n Kind, vir ons (*Jes. 9:6, 7*)

Hier het ons die geboorte van die derde spesiale kind in Jesaja, d.w.s. wat na dié van Immanuel en *Maher-Shalal-Hash-Bas* kom.

Waarom is hierdie Kind, volgens dié twee teksverse, dan so spesiaal? *Jes. 9:5, 6 (OAB)*.

Let op die feit dat die Verlosser wat hier beskryf word 'n aantal erename het, name wat sy karakter en sending op verskillende maniere beskryf. In die Ou Nabye Ooste het konings en gode 'n aantal name gehad waarmee hul grootheid besing is. Jesaja noem die Verlosser "Wonderbaar" – net soos die Engel van die Here wat vir Simson se pa gesê het dat sy Naam "wonderbaar" beteken (*Rig. 13:18, NAB; dit het dieselfde stamwoord in die Hebreeus*) waarna Hy in die rook vanuit Manoag se altaar opgevaar het hemel toe (*hfst. 13:20*), wat inderdaad 'n vooruitskouing was van sy uiteindelijke soenoffer meer as 'n duisend jaar later. Jesaja noem Hom ook "Sterke God" en "Ewige Vader – m.a.w. dat Hy onderskeidelik goddelik en die ewige Skepper-God is (let m.b.t. "Ewige Vader" op Luk. 3 vers 38: "Seun van Adam, die seun van God" [NAB]). Hy sou dus 'n Heerser uit die koninklike geslag van Dawid wees, met 'n vredeeryk wat vir ewig sou bestaan.

Al hierdie verhewe eienskappe kan slegs op een persoon dui. Wie is hierdie Kind? Lees *Luk. 2:8-14*.

Party knoei so 'n bietjie en sê dat dit op koning Hiskia dui. Tog is die persoon wat hier beskryf word te allesoortreffend om 'n gewone mens te kan wees. Hierdie eienskappe pas net by één persoon: Jesus Christus, die Seun van God, en ook die Skepper-God (*Joh. 1:1-3 en 14, Kol. 1:5-17, Kol. 2:9 en Heb. 1:2*) – Hy wat gebore is om te red en vrede te bring. Dit is Hy wat alle mag en gesag op hemel en aarde ontvang het, en wat altyd by ons is (*Matt. 28:18-20*). Hoewel Hy sy Goddelikheid behou het, het Hy ook vir ewig en altyd ten volle mens geword; en daarom het Hy medelye met ons swakhede (*Heb. 4:15*). "Want 'n Kind is vir ons gebore" – wat 'n ewige werklikheid! "Toe Christus aarde toe gekom het, was Satan reeds hier. Vanaf krip tot kruis moes Christus dus verbete vir elke oorwinning baklei. Satan het die Here daarvan beskuldig dat Hy te veel van die engele verwag het, dat hul selfopoffering te veeleisend wees; en dit terwyl God Self nie die vaagste benul het wat selfopoffering beteken nie; en ook nie bereid was op enige opofferings vir ander te maak nie. Dít is waarvan Satan die Here beskuldig het toe hy nog in die hemel was. Nadat die Aartsbedrieër uit die hemel gewerp is, het Hy aangehou met die beskuldiging dat God diens van die mens vereis terwyl Hy Self nie bereid is om te dien nie. Dit is hoekom Christus aarde toe gekom het: om die teendeel te bewys en om die [ware karakter van die] Vader te openbaar" (Ellen G. White, *Selected Messages*, vol. 1, bl. 406 en 407).

Wat sê hierdie E.G. White-aanhaling vir 'n mens oor die karakter van God?

Die stok waarmee God straf (*Jes. 9:8 tot 10:34*)

Hierdie skrifgedeelte verklaar Jesaja 9:1-5. Neem in ag dat laasgenoemde bevryding uit duisternis en doodskaduwee voorspel – vir diegene wat in tye van benoudheid op die okkulte staat gemaak het, en vir dié wat deur ’n vreemde moontheid beleër en onderdruk is: “Soos die dag toe Midian verslaan is, het U die juk verbreek wat op die volk gedruk het” (*Jes. 9:4, NAB*).

Lees ’n bietjie oor die lyding en swaarkry wat die volk deurgemaak het, soos dit in die bogenoemde skrifgedeelte beskryf word. Vergelyk dit met die vervloekinge in Levitikus 26:14-39. Hoekom het die Here sy volk in aandeel gestraf, en nie net op een slag nie? Wat sê dit vir ’n mens oor sy karakter en sy groot doelwit met hierdie benadering?

As God sy volk wou vernietig, kon Hy hulle dadelik aan die Assiriërs oorgegee het. Hy is egter geduldig, “want Hy wil nie hê dat party mense verlore moet gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer” (*2 Pet. 3:9, NAB & ABA*). Net soos in die tyd van die Ou-Testamentiese rigters het die Here toegelaat dat Juda en Israel die gevolge van hul dwase gedrag dra, sodat hulle tot hul sinne kon kom en ’n kans kon hê om beter te kies. As hulle egter hul harte teen Hom en sy pleidooie via die profete sou verhard en met hul bouse weë sou voortgegaan, sou die Here nog meer van sy beskerming teruggetrek. Dit sou dan in ’n voortdurende rebellie ontfaar. So beland die volk uiteindelik op ’n afdraande paadjie, totdat die Here niks meer vir hulle kan doen nie.

Lees Jesaja 9:8 tot 10:2. Aan watter sondes het die mense hulle skuldig gemaak? Teenoor wie het hulle gesondig? Wie van hulle was almal skuldig?

Wat ’n mens hier en ook regdeur die Bybel sien, is dat daar inderdaad iets soos wilsbesluite is (m.a.w. dat ’n mens die gawe het om vrylik te kies). Dit is hoe God ons geskep het. (Hy kon ook nie anders nie – want om die Here waarlik lief te hê, is nie moontlik sonder wilbesluite nie.) Wat meer is, daardie Godgegewe vryheid sluit die reg in om die verkeerde weg te kies. Hoewel die Here ons herhaaldelik deur openbarings van sy liefde en karakter nader aan Hom probeer trek, laat Hy ook toe dat ons die bitter vrug van ons verkeerde besluite oes – d.w.s. dat ons pyn, lyding, vrees, onstuimigheid, en so meer ervaar – sodat die omvang van daardie gevolge tot die afvallige kan deurdring. Tog gebeur dit dat party mense wel hierdie nare gevolge smaak, en dikwels nie van hul sondige weë afsien en terugkeer na die Here nie. Die vermoë om vrylik te kies, is wonderbaar. Dit is immers deel van ons menswees. Wee die een wat dit egter op ’n onwyse maniere gebruik.

Die Wortel en Takkie in Een (*Jesaja 11*)

Wie is die “takkie” wat uit “uit die stomp van Isai” (NAB) sal spruit, waarvan Jesaja 11:1 praat? Lees ook Sag. 3:8 en hfst. 6:12.

Jesaja 11:1 gebruik opnuut ’n afgekapte boom as beeldspraak, nadat dit die eerste maal in hfst. 10:33 en 34 gebruik is. Die “stomp van Isai” dui daarop dat die vorstehuis van Dawid (wat die seun van Isai was) hul mag sou verloor (*Dan. 4:10-17, verse 20-26*). Nietemin sou daar later ’n “takkie” vanuit dié oënskynlik gedoemde “stomp” spruit – m.a.w. ’n afstammeling van Dawid sou weer die troon bestyg.

Waarom word hierdie heerser uit die geslag van Dawid dan “die wortel van Isai” (*Jes. 11:10*) genoem? Hoe maak dit sin? *Op. 22:16*.

Hierdie beskrywing pas slegs by Jesus Christus, die een wat “die Wortel, die Nakomeling van Dawid” is (*Op. 22:16, NLV*). Christus het uit die geslag van Dawid gekom (*Luk. 3:23-31*), wat op sy beurt uit Adam gekom het. Lukas 3:8 noem “Adam die seun van God” (*NLV*), wat hy inderdaad ook is, siende dat Christus hom geskep het (*lees Joh. 1:1-3, 14*). So, Christus was Dawid se stamvader maar ook sy nasaat!

Op watter manier maak die nuwe Dawidiese heerser die kwaad wat uit sonde en afvalligheid spruit, ongedaan? Jesaja 11.

Sy denke en optrede strook geheel en al met die wil van God, sy oordele is billik en regverdig, Hy straf die bose en bring ook vrede. Wanneer die Dawidiese heerser oorneem, sal die Here ’n oorblyfsel vanuit Israel en Juda terugbring, en hulle in ere herstel en verenig (*vgl. Jes. 10:20-22*). Daar sal ’n sterk, verenigde monargie wees, soos in die dae van koning Dawid wat die Filistyne en ook ander nasies verslaan het. Nietemin sal dié nuwe Heerser groter as Dawid wees. Hoe so? Omdat die soort vrede wat Hy terugbring, reik tot aan die kern van die ganse skepping: roofdiere sal nie meer vleis eet nie en hulle sal rustig saam met hul voormalige prooi wei (*hfst. 11:6-9*).

Handel Jesaja 11 net oor die eerste koms van Christus of net oor die wederkoms, of dalk beide? Lees aandagtig deur die profesie en merk elke deel om aan te toon watter koms telkens bedoel word.

In Jesaja 11 word beide komste van Jesus tesame uitgebeeld. Die twee word saamgebind omdat hulle twee dele van ’n groter geheel vorm, amper soos die twee kante van ’n muntstuk. Die voltooiing van die verlossingsplan vereis beide komste – die eerste, wat reeds gebeur het; en die tweede, waarna ons as die vervulling en verwesenliking van ons Christelike hoop uitsien.

“U het my vertroos” (*Jes. 12:1-6, OAB*)

Jesaja 12 is ’n kort psalm (m.a.w. ’n soort loflied in die Hebreuse tradisie van ouds) waarin die Here vir sy genadige en kragtige vertroosting geloof word. Hierdie psalm word deur ’n lid van die bevryde oorblyfsel gesing, en vergelyk die beloofde bevryding uit ballingskap met die Israeliete se uittoeg uit Egipteland (*lees hfst. 11:16*). Dit is soos die lied van Moses en die volk, toe hulle by die Rooi See uit die hand van Faraó se leer gered is (*lees Eksodus 15*).

Vergelyk hierdie lofpsalm in Jesaja 12 met die lied van Moses en die Lam in Openbaring 15:2-4. Waarvoor prys beide groep die Here?

Jesaja 12:2 is hier byna op die punt om die komende Verlosser as Jesus te identifiseer. Die profeet skryf onder andere: “God is my redder” en “U het vir my uitkoms gegee” (*NAB*). Let op die feit dat Jesus se naam “Die-Here-Is-My-Verlossing” beteken (*vgl. Matt. 1:21*).

Jesus se naam lê klem op ’n bepaalde begrip, naamlik dat die Here inderdaad ons verlossing is. Waarom is dit so belangrik?

Verlossing is nie net iets wat die Here aktief doen nie (*Jes. 12:2*). Hy is ook ons verlossing. Die feit dat die Heilige van Israel by ons is – dat ons sy teenwoordigheid smaak (vers 6) – is die vervulling van ons grootste begeerte. “God-Is-Met-Ons,” soos die naam Immanuel dit stel! Jesus het nie net wonderwerke gedoen nie. Nee, Hy het ook “mens geword en onder ons kom woon” (*Joh. 1:14, NAB; klem verskaf*). Hy het nie net ons sondes aan die kruis gedra nie, maar het ook namens ons sonde geword (*2 Kor. 5:21*). Hy bring nie net vrede nie, Hy is ook ons vrede (*Ef. 2:14*). Dit is geen wonder dat Jesaja die volgende kon sê nie: “Daardie dag sal die koning van die nageslag van Isai ’n teken wees vir die volke” (*hfst. 11:10, ABA; let ook op die OAB en NAB*). Wanneer Christus van die aarde af verhoog is – d.w.s. wanneer Hy gekruisig word – sal Hy almal na Hom toe trek (*Joh. 12:32 en 33*)! ’n Oorblyfsel uit sy volk sal terugkeer na “die magtige God” toe (*Jes. 10:21, NAB*); na die Kind wat vir ons gebore is, die “Vredevors” (*hfst. 9:5, NAB*)!

Bepens die idee dat Jesus ons verlossing is. Lees Romeine 3:24. Dit sê dat ons verlossing in Jesus is – dit het in Hom gebeur en dit is deur God se genade dat ons ook vir ewig ’n aandeel in daardie verlossing kan hê. Met ander woorde: daardie verlossing ontvang ons deur geloof in Hom, en nie deur werke nie, omdat niks wat ons doen of sê goed genoeg is om ons te verlos nie. Net die werke van Christus wat ons deur geloof deelagtig word, kan vir ons verlossing bring. Hierdie waarheid bring hoop en verlossingsekerheid, veral wanneer ’n mens voor jou eie, enorme onwaardigheid te staan kom. Hoe so?

Vir verdere studie:

“Die aardse vaderhart gaan uit na sy jonge kind. Hy kyk na sy seuntjie, benoud oor sy veiligheid in ’n wêreld waar gevare alom dreig. Hy wil sy kind so graag teen Satan se kragtige aanslae beskerm, hom weghou van versoeking en konflik. Vir ’n veel taaiër stryd, en met veel meer op die spel, het God egter sy eniggebore Seun gegee; sodat ons kleinspan se geloofspad meer bestendig kan wees. ‘Hierin is die liefde’ [OAB]. Ja, wat ’n wonderbare geskenk – die ganse aarde is verstom en die hemele roep dit uit!” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 49). “Dit was Christus wat ingestem het om ter wille van die mens aan die vereistes vir ons verlossing te voldoen. Nóg engel nóg mens sou deug vir daardie reusagtige verlossingstaak. Die Seun van die mens is al een wat van die aarde af opgehef kon word, want slegs ’n oneindige Wese kon die verlossingsproses van stapel stuur en deurvoer. Christus was bereid om Homself tot die onlojale en sondige mens te verbind, om ons geneigdheid tot sonde deelagtig te word. Hy was bereid om sy bloed vir ons te stort, om sy wese ’n soenoffer vir die mens te maak. In die hemelhowe is ons gemeet en te lig bevind, is ’n gelykwaardige straf vir ons bepaal – en tog kondig Jesus aan dat Hy Self al die vereistes wat hoop aan die gevalle mensdom kon [en kan] bring, sou nakom” (Ellen G. White, *The Signs of the Times*, 5 Maart 1896).

Vrae vir bespreking:

Soos ons in Jesaja 11 gesien het, toon die Here hier Christus se eerste koms en wederkoms tesame. Dit verklaar, tot ’n mate, hoekom party van die Jode Christus by sy eerste koms verwerp het – want hulle het van Hom verwag om al die dinge te doen wat Hy eers eendag by die wederkoms gaan doen. Wat sê dit vir ons oor hoe belangrik dit is dat ’n mens die aard van Christus se wederkoms reg moet verstaan? Let byvoorbeeld op valse sienings aangaande daardie blye dag. Hoe kan dit maak dat mense makliker vir Satan se eindtyd-slenter val? (Lees Ellen G. White, *The Great Controversy*, hfst. 39.)

Opsomming: In Jesaja se leeftyd – wie se naam “Verlossing-Kom-Van-Die-Here” beteken – belowe die Here om eendag sy oorblyfsel-volk uit hul komende onderdrukking te bevry, ’n onderdrukking vanweë die landwye afvalligheid waarin die mense beland het. Tog is dit ’n profesie van hoop, wat uiteindelik in en deur Jesus – wie se Naam “Die-Here-Is-Verlossing beteken” – vervul is.